Goeie Nuus

Maandblad van Ned Geref Kerk Meyerspark

Jaargang 17 Nommer 3 September 2020

Virus kortwiek Kerk

En daar trek 'n mikroskopiese virussie die wêreld plat! En selfs die eredienste ook!

Maar die Here het ons gou geleer dat ons manier van aanbid nie die enigste moontlikheid is nie. En Hy gee die regte mense sodat ons Hom steeds waar ons is, kan verheerlik. God is nie afhanklik van ons en ons vermoëns om Sy lof te verkondig nie. Eredienste kon virtueel voortgaan en selfs meer mense bereik as gewoonweg. Oor die foon is besoeke gedoen, vertroos, versterk en gebid. Tegnologie het 'n verleentheid in God se geleentheid verander.

Alle eer aan die Here!

Kolossense 1:3-4

3Wanneer ons tot God, die Vader van ons Here Jesus Christus, bid, dank ons Hom altyd vir julle 4omdat ons gehoor het van julle geloof in Christus Jesus en van julle liefde vir al die gelowiges.

Goeie Nuus hervat

Na 'n paar maande van stilte, hervat die uitgawes van Goeie Nuus in 'n ander gedaante. Vir die huidige gaan dit net in elektroniese formaat beskikbaar wees. Afhangende van die reaksie sal later gekyk word na ander moontlikhede.

Die gedagte is om baie meer te fokus op sake wat vir die gemeente wetenswaardig is. Daarom vra ons dat julle vir ons inligting sal deurgee oor sake soos besondere prestasies (bv akademies, sport, ens.), besondere herdenkings, interessante gemeentelede, besondere ervarings, ens. Ons beloof nie om alles te gebruik nie, maar om elke brokkie te oorweeg. Stuur inligting gerus na die kerkkantoor of na ds Louis Btittz by 083 383 1262 of ljbrittz@absamail.co.za.

As jy dalk belangstel om te help met die Goeie Nuus, soos inligting insamel, onderhoude voer, berigte skryf, proeflees, ens, laat weet gerus ook, ASSEBLIEF!

Diepe dankbaarheid

Te midde van die vreemde omstandighede wat ons beleef, word 'n mens tog gevul met diepe dankbaarheid vir lidmate wat steeds die voortgang van die gemeente verseker.

Daarom 'n groot dank aan elkeen wat steeds hul bydraes bly oor betaal en selfs hul bankkollektes daarby ingereken het. Maar 'n mens word ook stom gelaat oor lidmate wat die ekstra myl geloop en ook in geld en voorrade ruim tot die noodfonds bygedra het. En dit steeds doen. Dit het ander weer in staat gestel om met groot offervaardigheid daardie skenkings te gebruik om ander mense te bereik.

Van talle kante het mense hulle dankbaarheid betuig vir die eredienste wat opgeneem en elke Sondag uitgestuur is.

Aan elkeen wat op een of ander manier bygedra het om kerk-wees in hierdie tyd van inperking moontlik te maak, 'n baie groot DANKIE!

Rene Steyn tree af

Al lyk sy nog so jeugdig, het Rene Steyn reeds verlede jaar die aftree-ouderdom bereik en het sy vanjaar op 31 Mei na 33 jaar en 1 maand finaal afgetree. Weens die inperkings is dit hartseer dat die gemeente nie na behore van haar kon afskeid neem nie.

Rene het op 1 Mei 1987 in diens van die gemeente getree en behalwe haar pligte in die kerkkantoor, gou by verskeie gemeentelike aktiwiteite, selfs die groep stappers, ingeskakel. Met haar rustige geaardheid het sy vining in talle harte ingekruip.

Verder het sy 'n paar kollegas, kosters en 'n hele paar predikante in die gemeente "oorleef". Sy sal sekerlik 'n boek kan skryf oor al die ervarings met talle gemeentelede wat sy oor die jare beleef het.

Rene word reeds in die kerkkantoor gemis, maar ons wens haar 'n rustige aftrede toe saam met haar kinders en veral die kleinkinders.

CMR help baie

Die werkers van die Christelik Maatskaplike Raad (CMR) berig dat die nood in die gemeenskap baie groot is. ‘n Groot deel van die noodfonds is daarom aan die CMR oorbetaal om behoeftiges te help. Talle gesinne word steeds op daardie wyse bygestaan.

Maar met die grendeltyd het daar ook ‘n toename gekom in gesinsgeweld en kinderverwaarlosing. Dit plaas ‘n groot las, ook emosioneel, op die werkers. Daarom ‘n groot versoek vir voorbidding vir die maatskaplike werkers in hulle groot liefdestaak.

Die CMR het hulle groot dank teenoor die gemeente uitgespreek—hulle berig dat hulle byna 200 mense in die gemeenskap bystaan.

Die nood bly groot en gaan na verwagting nog erger word. Bydraes kan by die kerkkantoor inbetaal/afgegee word.

Helpende Hand groot hulp

Onder leiding van Jorrie Jordaan (87 jaar jonk!) en Gerrie Venter lewer Helpende Hand ‘n groot diens aan ons minderbevoorregte gemeenskap. Sommige van die skenkings wat ons kry, word na hulle toe gekanaliseer.

Jorrie vertel dat die behoefte tydens die grendeltyd geweldig toegeneem het. Hulle het tans sowat 114 gesinne wat hulle onderhou, veral in nedersettings en op plotte, en die behoefte styg steeds.

Hulle is baie dankbaar vir die skenkings wat hulle kry, maar sukkel om voor te bly om die nodige te voorsien. Enige voedsel of klere is baie welkom.

Daar is wel enkele helpers wat hulle bystaan, maar hulle sal nog meer hande baie waardeer.

Kontak gerus vir Jorrie Jordaan 083 441 8380 of Ger-

Kerkraad aan die werk

Ten spyte van die grendeltyd het die Kerkraad steeds met hul werksaamhede voortgegaan. Daar is ‘n paar virtuele vergaderings gehou om die gang van die gemeente in ‘n byna ondenkbare tyd te bestuur.

Op 1 September is weer ‘n “fisiese” vergadering met die nodige voorsorg maatreëls gehou. Daar is tans moeilike en uiters belangrike sake waaroor besluit moet word, soos die herstruktu-rering, die beroepproses met ds Izak se aftrede volgende jaar, die gemeentebeplanning vir 2021, ens. Daarom word die gemeente se volgehoue voorbidding vir die Kerkraad gevra.

Humor

Pa stap vies met Kriewel Kerneels uit die kerk uit. By die deur gryp Kerneels desperaat die kosyn vas en sy stem weergalm deur die kerk: “Bid vir my! Bid vir my!”

Eerste diens in vyf maande

Op 30 Augustus het die gemeente met dankbaarheid haar eerste erediens sedert Maartmaand gehou, waar net vyftig mense in totaal toegelaat is.

Dit was nogal ‘n vreemde ervaring met sanitering vooraf en dat jy moet teken om by die deur te kan ingaan. In die kerk ewe vreemd—almal gemasker en gesinne sit so ver uitmekaar dat dit lyk asof daar groot huismoleste by almal is. Maar dit was lekker om weer die orrel te hoor en dat daar darem een was wat toegelaat is om te sing—dankie aan Francois en Sunet.

Ten spyte van die vreemde situasie, kon almal tog bewus word van die Here se teenwordigheid en dat ons daar was om Hom te verheerlik.

Baie dankie aan almal wat die besondere diens moontlik te maak, van Beryl in die kantoor en Andries se voorbereidings tot die motorwagte en almal tussenin. Kom ons bid dat ons spoedig weer ons normale eredienste sal kan hervat.

Nuwe Kan-selkleed

'n Treffende nuwe kan-selkleed is onlangs in die Kerk aangebring. Dit is nà gebed ontwerp, gemaak en geskenk deur Karina Rossouw.

Die kunswerk beeld die uitstorting van die Heilige Gees op Pinksterdag uit, soos verwoord in Handelinge 2. Die duif is simbool van die Heilige Gees wat in tonge van vuur, uitgedruk deur die oranje en rooi, neerdaal op die mense wat dit met vreugde en dankbaarheid ontvang.

Hierdie is werklik 'n pragwerk wat nog vir jare 'n besondere boodskap aan die gemeente gaan oordra.

(Foto: Andelle Schenach)

Kerkraad en bedieninge

Die volgende lidmate is leiers op die verskillende bedieningsterreine van die gemeente:

Kerraadvoorsitter: Ds Izak Liebenberg

Verheerlik: Wessel Rossouw 073 248 4860

Versorg: Allen Lourens 083 492 2309

Bereik: Gerrit van Niekerk 073 689 1370

Jeug en Gesinne: Wihan Rossouw 073 489 1414 of Suri van der Westhuizen 071 877 0936 of Jaco Smit 074 326 0808

Vrouediens: Rothea Lourens 082 574 2563

Diakens: Gerhard van den Berg 083 237 1788

Finansies: Pieter le Roux 083 252 1884 of Amanda van Biljon 083 632 5899

Diensverhoudings: Jannie Jansen van Vuuren 083 325 0704.

Fasiliteite: Salty Thompson 072 969 6613

Dataprojektor: Danie Barnardo 084 588 6668

Gryp-'n-baie-lekker-hap!

Vrydag 28 Augustus was 'n baie gewilde dag in die gemeente: Dit was weer Gryp 'n hap, met heerlike hamburgers en slap tjips. Boonop die ervaring om dit by Meyerspark se eie inry-wegneemete restaurant te gaan afhaal. En teen die prys werklik puik waarde vir geld.

Binne was dit 'n geskarrel om 150 hamburgers gemaak en die pakkies skyfies reg te kry. Voor die deur het die dominee self toesig gehou dat almal eers betaal voordat hulle mag kos kry en daarna het Andries die verkeer soos wafferse verkeersman by die hek uitgehelp.

Tuis was dit feeste omdat dit nie nodig was om aandete te maak nie. As julle na die foto's langsaan kyk, sal julle agterkom dat dit regtig baie lekker moes wees—almal se monde is toegebind om te keer dat hulle nie alles opeet nie.

Baie dankie aan die hele span wat so mooi saamgewerk het, julle is bobaas! Wanneer maak julle weer sò?